

Hoofstuk van die dag: 1 Konings 4

> *Adoniram seun van Abda was in beheer van die dwangarbeid. (vers 6)*

Die skrywer berig hier oor die goue era van die Israelse geskiedenis; ’n tyd toe die burgers veilig gewoon het, “elkeen

met sy eie wingerdstok en sy eie vyeboom om onder te sit” (vers 25). Dit klink idillies, en dit wás ook baie anders as in Dawid se tyd toe daar voortdurend oorlog gevoer is.
Dié voorspoed het egter met ’n prys gekom. Salomo se huishouding het sodanig uitgebrei dat belastings via streekbestuurders ingevorder moes word (vers 7-19). Boonop het Salomo dwangarbeid uitgebrei en selfs Israeliete daarvoor gebruik. Dit was een van die redes waarom die noordelike stamme ná Salomo se dood weggebreek het – Salomo se seun Rehabeam wou nie die las van die staat op die burgers verminder nie. Só kwaad was die mense daaroor dat hulle vir Adoniram gesteníg het, en so byna-byna vir Rehabeam ook (1 Kon 12:18).
Dwangarbeid was die rede hoekom die Israeliete uit Egipte weg is. Dat ’n wyse man soos Salomo sy mense soos slawe behandel, is verstommend. Dis wat rykdom en mag kan doen: dit maak jou blind vir ander mense.
Daarom moet ons Jesus se waarskuwing oor gierigheid en rykdom (Luk 12:15-21; sien ook Luk 18:25) ernstig opneem.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke

Hoofstuk van die dag: 1 Konings 3

> *Gee my die gehoorsaamheid aan U dat ek u volk reg sal regeer en in alles insig sal hê, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer! (vers 9)*

Dit klink byna soos ’n sprokiesverhaal waarin die goeie fee vir iemand ’n wens gee wat vervul sal word; net, dis nie ’n sprokie nie. Gód is die Een wat die wens vervul. En Salomo kies goed, ook volgens die Here (vers 10). Insig en gehoorsaamheid. Die 2020-vertaling vertaal dit só: “Gee dan aan u dienskneg ’n hart wat luister om as regter op te tree vir u volk, om te kan onderskei tussen goed en kwaad …”
As jý voor so ’n keuse gestel is, wat sou jy kies as jy nie geweet het wat Salomo gekies het nie? Sou jy ook gevra het vir ’n hart wat luister? Insig en gehoorsaamheid? In ons materialistiese samelewing is daar soveel ander dinge wat ’n mens kan begeer. Salomo se keuse dwing ons om diep in ons eie hart te delf en ons innigste verlangens en ideale te ondersoek. Hy het nie iets vir homself gekies nie; hy kies dít wat hom in staat sou stel om sy roeping te kan uitleef. Dís

hoekom God dit goedgevind het.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: 1

Konings 2

Daar is ook nog Simeï seun van Gera die Benjaminiet, uit Bagurim. Hy het my vreeslik gevloek … (vers 8)

Die begin van Salomo se regering is wreed. ’n Hele paar koppe rol in die proses – Salomo se broer Adonia, omdat hy as oudste seun ’n sterk aanspraakmaker op die troon was, en dan ook manne vir wie Dawid nie in sy leeftyd vasgevat het nie: Joab, wat nie net sy twee direkte konkurrente Abner en Amasa koelbloedig vermoor het nie, maar ook vir Absalom, en verder ook die Benjaminiet Simeï. Dis moeilik om Salomo vanuit die 21ste eeu se waardes te beoordeel, want hy het in ’n tyd geleef toe ’n mens se lewe goedkoop was. Maar tog.
Dawid beveel Simeï se dood omdat hy hom gevloek het (vers 9). Destyds is geglo dat ’n vloek (soos ’n seën) se invloed voortduur. Ons dink nie meer so nie. Tog kan ’n negatiewe woord, ’n gerug of skinderstorie iemand se lewe verwoes. Mense verslind verdraaide waarhede en leuens tog te graag (Spr 18:8). Jakobus sê die tong het groot mag, ’n rustelose kwaad, vol dodelike gif (Jak 3:5, 8).
Sy tong het Simeï sy lewe gekos. ’n Wyse mens tel sy woorde.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale

Hoofstuk van die dag: 1 Konings 1

> *Omdat Adonia bang was vir Salomo, het hy aan die horings van die altaar gaan vashou. (vers 50)*

Adonia was ’n jonger broer van Absalom, en op hierdie stadium die oudste oorlewende seun van Dawid. Dit was duidelik dat Dawid se tyd verby was; selfs nie eers Abisag met al haar skoonheid kon iets regkry nie (vers 4). Daarom het Adonia gereken sy pa se tyd is verby, en hy roep homself tot koning uit (vers 5).
Sy poging loop lelik skeef toe Natan ingryp en met behulp van Batseba vir Salomo as ’t ware tot op die troon stoot. Dis die eerste keer wat ons lees van Dawid se eed dat Salomo in sy plek koning sal word (vers 13). ’n Mens kan maar net wonder daaroor. Dawid, wie se geheue dalk ook besig was om te kwyn, is heel moontlik hier erg gemanipuleer.

Tog, met Salomo se geboorte, het die Here Natan beveel om hom Jedidja te noem, wat beteken “geliefde van die Here” (2 Sam 12:25). Ons kan dus aanvaar dat Salomo se koningskap God se plan was, al het Hy nie ’n direkte bevel daartoe gegee nie.
God kan selfs die gekonkel van mense gebruik om sy wil te laat geskied. Dit troos my.



Hoofstuk van die dag: 1 Konings (inleiding)

Kyk na hierdie kort video om ’n oorsig oor die boeke 1 en 2 Konings te kry:

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026